N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 1 Maart 2020

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: Jeremia 29: 10-14

Tema: God wil vir jou `n toekoms gee.

10. So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring.

11. Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle `n toekoms gee, `n verwagting!

12. Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.

13. Julle sal vra na my wil, en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.

14. Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplussers wat hierdie week verjaar:

Alicia Koekemoer	01 Maart 2020
Johanna Kriel	01 Maart 2020
Beatrix Bothma	02 Maart 2020
Alta Gebhardt	04 Maart 2020
Winnie Riekert	06 Maart 2020

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- **Antoinette Erasmus** van Keyterstraat 29;
- **Deon Jacobs** van Theronstraat 8;
- **Flip Fourie** van Oudtshoorn Aftreeoord 16;
- **Mossie Mostert** van Oosthuizenstraat 12;
- **Ina du Plessis** van Parkweg 54.
- Ons innige simpatie aan **Mara Badenhorst en familie** asook **Stephanie Botha en familie** wie se moeders oorlede is.

Ons bid vir die volgende sake:-

- **uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
- **maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar; en die**
- **moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.**

Sondag: 1 Maart 2020
EERSTE LYDENSWEEK

- **Erediens om 09:00. Prediker: Ds. Bertine Malan**
- Die deuroffers gaan aan **Gemeentefondse.**
- Geen Jeuggroepe-byeenkoms.
- Daar is vanoggend geen sap na die erediens nie

PROGRAM VIR DIE WEEK
Woensdag: 4 Maart 2020

- **Die kerkkantoor is gesluit as gevolg van ons jaarlikse oudit.**
- Geen **vroue- en mannebybelstudie** nie.
- **Kruispad** by Langenhoven Gimnasium om 18:00 vir al ons hoërskool leerlinge.

Vrydag: 6 Maart 2020

- **Gebedsbyeenkoms** om 06:00 in die kerk.
- **Wêreldbiddag vir Vroue in Oudtshoorn-Park om 10:00.** "Staan op! Neem jou slaapmat en loop." Wêreldbiddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en kinders wat jaarliks bymekaarkom om 'n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld in 170 lande word dieselfde tema gevier. Ons wil al die vroue uitnooi om saam te kom bid. Bring asb. jul huiswerkers saam.

Saterdag: 7 Maart 2020

- **Wêreldbiddag vir Mans** om 06:30 by Oudtshoorn Moedergemeente. Alle mans is welkom om saam met gelowige mans wêreldwyd vir verskeie sake te kom bid.

<u>Belangrike datums vir die kwartaal</u>

Dinsdag: 10 Maart 2020

- **Bediening vir finansies** om 18:30 in die konferensielokaal.

Saterdag: 14 Maart 2020

- Die eerste "stockcars"-byeenkoms vir die jaar vind plaas. Persone wat hierby betrokke wil raak kan vir Bets Wilkinson by 083 419 4602 kontak.

Dinsdag: 17 Maart 2020

- **Kerkraadsvergadering** om 18:30 in die konferensielokaal.

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.

- **Lidmaat gegewens-**
  Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

- Dyna soek asb kinderklere vir meisies en seuns 10-15 jaar. Onderklere is ook welkom asook swart skool- en ander skoene vir seuns en dogters van grotes 1-7.

- Die gemeente is tans betrokke by behoeftige bejaardes. Ons wil hul ook help met kruideniersware. Indien u hierby betrokke wil/kan raak, kan van die volgende items geskenk word:

Blikke 250 gram kitskoffie	Rooibostee - 80 sakkie pakke
Gewone tee-100 sakkie pakke	Weetbix – 250 gram
Blikkies tuna	2 liter Oros koeldrank
400 gram grondboontjiebotter	400 gram konfyt
Pakkies 2 minute noodles	Pakkies Mariebeskuitjies
Pakkies "Lemon Creams"	2,5 kg suiker.

Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here hier beleef!